

SENTRAAAL KAROO DISTRIKMUNISIPALITEIT



VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID

Hersien: Junie 2014

GOEDGEKEUR: 16 September 2014

“OPTIMAL QUALITY OF LIFE FOR ALL”

MUNISIPALE VOORSIENSKANAAL-BESTUURSBELEID

PLAASLIKE REGERING: WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003

Hierdie beleid is deur die SENTRAAL KAROO DISTRIKS Munisipaliteit op [voeg datum in] aanvaar per besluit [voeg besluit nommer of verwysing in] ingevolge artikel 111 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003).

INHOUDSOPGAWE

1. Definisies

HOOFSTUK 1

INSTELLING EN IMPLEMENTERING VAN VOORSIENINGSKANAAL- BESTUURSBELEID

2. Voorsieningskanaal-Bestuursbeleid
3. Aanvaarding en wysiging van voorsieningskanaal-bestuursbeleid
4. Delegasie van voorsieningskanaal-bestuursmagte en -pligte
5. Sub-delegasies
6. Raad se toesighoudende rol
7. Voorsieningskanaal-bestuurseenhede
8. Opleiding van voorsieningskanaal-bestuursamptenare

HOOFSTUK 2

RAAMWERK VIR VOORSIENINGSKANAAL-BESTUUR

9. Formaat van voorsieningskanaal-bestuur

Deel 1: Vraag-bestuur

10. Vraag-bestuurstelsel

Deel 2: Aankope-bestuur

11. Aankope-bestuurstelsel
12. Omvang van verkrygings-prosesse
13. Algemene voorvereistes vir oorweging van geskrewe kwotasies of tenders
14. Lyste van geakkrediteerde voornemende verskaffers
15. Kleinkas-aankope
16. Geskrewe of mondelingse kwotasies
17. Formeel geskrewe prys-kwotasies
18. Prosedures vir aanskaf van goedere of dienste deur geskrewe of mondelingse kwotasies en formele geskrewe prys-kwotasies
19. Mededingende tender-proses
20. Proses vir mededingende tenders
21. Tender-dokumentasie vir mededingende tenders
22. Openbare uitnodiging vir mededingende tenders
23. Prosedure vir hantering, opening en aantekening van tenders
24. Onderhandelinge met voorkeurtenderaars

25. Twee-fase tender-proses
26. Komiteestelsel vir mededingende tenders
27. Tenderspesifikasiekomitees
28. Tenderevaluasiekomitees
29. Tender-beoordelingskomitees
30. Verkryging van bankdienste
31. Verkryging van IT-verwante goedere of dienste
32. Verkryging van goedere en dienste onder kontrakte aangegaan deur ander staatsorgane
33. Verkryging van goedere wat besondere veiligheids-maatreëls vereis
34. Trots SA -veldtog
35. Aanstel van konsultante
36. Afwyking van, en bekragtiging van kleiner skendings van verkrygings-prosesse
37. Ongevraagde aansoeke
38. Bekamping van misbruik van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel

Deel 3: Logistiek-, Verkope-, Risiko- en Prestasiebestuur

39. Logistiek-bestuur
40. Verkope-bestuur
41. Risiko-bestuur
42. Prestasie-bestuur

Deel 4: Ander aangeleenthede

43. Verbod op toekenning aan persone wie se belastingsaangeleenthede nie in orde is nie
44. Verbod op toekenning aan persone in diens van die staat
45. Toekennings aan naverwante familielede van persone in diens van die staat
46. Etiese standaarde
47. Gunswerwingsvoordele, belonings, geskenke en gunste
48. Borgskappe
49. Besware en klagtes
50. Oplossing van dispute, besware, klagtes en vraagpunte
51. Kontrakte wat voorsiening maak vir vergoeding op omset gegrond

ADDENDUM A – Toekennings punte volgens Regulasie 2011.

ADDENDUM B - Geakrediteerde verskaffer

ADDENDUM C – Delegasie opsomming

ADDENDUM D – Gedragskode vir VKB Amptenare

Definisies

1. In hierdie beleid, tensy die konteks andersins aandui, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis deur die Wet toegeken is, dieselfde betekenis as in die Wet, en –

“**mededingende tender-proses**” beteken 'n mededingende tender-proses waarvan melding gemaak word in paragraaf 12 (1) (d) van hierdie beleid;

“**mededingende tender**” beteken 'n tender ingevolge 'n mededingende tenderproses;

“**finale toekenning**”, met betrekking tot tenders of kwotasies ingedien vir 'n kontrak, beteken die finale besluit oor watter tender of kwotasie te aanvaar;

“formele geskrewe pryskwotasie” beteken kwotasies waarvan melding gemaak word in paragraaf 12(1) (c) van hierdie beleid;

“in diens van die staat” beteken om –

- (a) ‘n lid te wees van –
 - (i) enige munisipale raad;
 - (ii) enige provinsiale wetgewende liggaam; of
 - (iii) die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies;
- (b) ‘n lid te wees van die direksie van enige munisipale liggaam;
- (c) ‘n amptenaar te wees van enige munisipaliteit of munisipale liggaam;
- (d) ‘n werknemer te wees van enige nasionale of provinsiale departement, nasionale of provinsiale openbare liggaam of konstitusionele instelling binne die betekenis van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr.1 van 1999);
- (e) ‘n lid te wees van die rekenpligtige gesag van enige nasionale of provinsiale openbare liggaam; of
- (f) ‘n werknemer te wees van Parlement of ‘n provinsiale wetgewende liggaam;

“langtermynkontrak” beteken ‘n kontrak met ‘n tydsduur van meer as een jaar;

“lys van geakkrediteerde voornemende voorsieners” beteken die lys geakkrediteerde voornemende voorsieners wat ‘n munisipaliteit of munisipale liggaam moet bybou kragtens paragraaf 14 van hierdie beleid;

“ander toepaslike wetgewing” beteken enige ander wetgewing van toepassing op munisipale voorsieningskanaal-bestuur, insluitend –

- (a) die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygings-beleid, 2000 (Wet Nr. 5 van 2000);
- (b) die “Broad-Based Black Economic Empowerment Act”, 2003 (Wet Nr. 53 van 2003); en -
- (c) die Wet op die Konstruksie-industrie Ontwikkelingsraad, 2000 (Wet Nr.38 van 2000);

“Regulasie” beteken die Plaaslike Regering: Munisipale Voorsieningskanaal-Bestuursregulasies (No 868 van 2005);

“Tesourie-riglyne” beteken enige riglyne oor voorsieningskanaal-bestuur uitgereik deur die Minister kragtens artikel 168 van die Wet;

“die Wet” beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003);

“geskrewe of mondelingse kwotasies” beteken kwotasies waarvan melding gemaak word in paragraaf 12(1)(b) van hierdie beleid.

HOOFSTUK 1

INSTELLING EN IMPLEMENTERING VAN VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID

Voorsieningskanaal- Bestuursbeleid

2. (1) Die SENTRAAL KAROO DISTRIKS Munisipaliteit besluit kragtens artikel 111 van die Wet om 'n voorsieningskanaal-bestuursbeleid te hê en te implementeer wat –

- (a) uitvoering gee aan –
 - (i) artikel 217 van die Grondwet; en
 - (ii) Afdeling 1 van Hoofstuk 11 en ander toepaslike bepalings van die Wet;
 - (iii) Voorsienings kanaal regulasies.
- (b) regverdig, onpartydig, deursigtig, kompetend en koste-effektief is;
- (c) voldoen aan –
 - (i) die regulerende raamwerk voorgeskryf in Hoofstuk 2 van die Regulasies; en
 - (ii) enige minimum norme en standaard wat voorgeskryf mag word kragtens artikel 168 van die Wet;
- (d) nie-strydig is met ander toepaslike wetgewing nie;
- (e) nie die doelwit vir eenvormigheid in voorsieningskanaal-bestuurstelsels tussen organe van die staat in alle sferes benadeel nie; en -
- (f) nie strydig is met nasionale ekonomiese beleid aangaande die bevordering van beleggings en handel dryf met die openbare sektor nie.
- (g) Voldoen aan die hoogste etiese waardes.
- (h) Plaaslike ekonomie bevorder.

(2) Die munisipaliteit mag nie anders optree as in ooreenstemming met hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid by die –

- (a) verkryging van goedere of dienste;
- (b) verkope van goedere wat nie meer benodig word nie;
- (c) selektering van kontrakteurs om bystand te verskaf met die voorsiening van munisipale dienste anders as in omstandighede waar Hoofstuk 8 van die Wet op Munisipale Stelsels van toepassing is; of
- (d) in geval van 'n munisipaliteit, selektering van eksterne meganismes waarna verwys is in artikel 80 (1) (b) van die Wet op Munisipale Stelsels vir die verskaffing van munisipale dienste in omstandighede beoog in artikel 83 van daardie Wet.

(3) Sub-paragrafe (1) en (2) van hierdie beleid is nie van toepassing nie in die omstandighede in artikel 110 (2) van die Wet beskrywe behalwe waar spesifiek in hierdie beleid andersins voorsien.

Aanvaarding en wysiging van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid

3. (1) Die rekenpligtige beampte moet –

- (a) ten minste jaarliks die implementering van hierdie beleid hersien; en -
- (b) wanneer die rekenpligtige beampte dit nodig ag, voorstelle indien by die raad vir die wysiging van hierdie beleid.
- (2) Indien die rekenpligtige beampte 'n konsep-beleid by die raad indien wat verskil van die model-beleid, moet die rekenpligtige beampte verseker dat die konsep-beleid nie-strydig is met die Regulasies. Die rekenpligtige beampte moet enige afwyking van die model-beleid aan die Nasionale Tesourie en die relevante Provinsiale Tesourie rapporteer.
- (3) Wanneer hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid gewysig word moet die behoefte vir eenvormigheid in voorsieningskanaal-praktyke, -prosedures en -vorme tussen organe van die staat in alle sferes, veral om toeganklikheid van voorsieningskanaal-bestuurstelsels vir klein besighede te bevorder, in aanmerking geneem word.
- (4) Die rekenpligtige beampte van 'n munisipaliteit moet kragtens artikel 62(1)(f)(iv) van die Wet, alle redelike stappe doen om te verseker dat die munisipaliteit hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid het en implementeer.

Delegasie van voorsieningskanaal-bestuursmagte en -pligte

4. (1) Die raad delegeer hierdeur sodanige addisionele magte en pligte aan die rekenpligtige beampte om die rekenpligtige beampte in staat te stel –

- (a) om gestand te doen aan die voorsieningskanaal-bestuursverpligtinge wat aan rekenpligtige amptenare toegeken word kragtens –
 - (i) Hoofstuk 8 of 10 van die Wet; en
 - (ii) die voorsieningskanaal-bestuursbeleid;
- (b) om administratiewe en operasionele doeltreffendheid by die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid te maksimeer;
- (c) om redelike koste-effektiewe maatreëls vir die voorkoming van bedrog, korrupsie, partydigheid en onbillike en onreëlmatige praktyke by die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid af te dwing; en -
- (d) om sy of haar verpligtinge kragtens artikel 115 en ander toepaslike bepalings van die Wet na te kom.
- (2) Artikels 79 en 106 van die Wet het betrekking op die sub-delegasie van magte en pligte aan 'n rekenpligtige beampte kragtens sub paragraaf (1) van hierdie beleid gedelegeer.
- (3) Die raad of rekenpligtige beampte mag nie enige voorsieningskanaal-bestuursmagte of –pligte aan 'n persoon wat nie 'n amptenaar van die munisipaliteit is nie, of aan 'n komitee wat nie uitsluitlik saamgestel is uit amptenare van die munisipaliteit, delegeer of sub-delegeer nie;
- (4) Hierdie paragraaf mag nie gelees word as om 'n amptenaar aan wie die mag om finale toekennings te maak gedelegeer is, toe te laat om 'n finale toekenning te maak in 'n mededingende tenderproses anders as deur die komitee stelsel waarvoor in paragraaf 26 van hierdie beleid voorsiening gemaak is nie.

Sub-delegasies

5. (1) Die rekenpligtige beampte mag kragtens artikel 79 of 106 van die Wet enige voorsieningskanaal-bestuursmagte en -pligte, insluitend dié wat kragtens hierdie beleid aan die rekenpligtige beampte gedelegeer is, sub-delegeer, maar enige sub-delegasie moet nie-strydig wees met sub-paragraaf (2) en paragraaf 4 van hierdie beleid nie.
- (2) Die mag om 'n finale toekenning te maak –
- (a) bo R3 miljoen (BTW ingesluit) mag nie deur die rekenpligtige beampte gesubdelegeer word nie;
- (b) bo R200 duisend (BTW ingesluit), maar wat nie R3 miljoen (BTW ingesluit) oorskry nie, mag gesubdelegeer word, maar alleenlik aan –
- (i) 'n tender-beoordelingskomitee waarvan die hoof finansiële beampte 'n lid is; of
- (c) bo R30 duisend (BTW ingesluit) wat nie R200 duisend oorskry nie, mag gesubdelegeer word, maar alleenlik aan –
- 'n Direkteur van die betrokke Departement of na 'n senior amptenaar in die voorsieningskanaal bestuurseenheid
- (d) wat nie R30 duisend (BTW ingesluit) oorskry nie, mag gesubdelegeer word, aan die Direkteur van die betrokke Departement of na 'n senior amptenaar in die voorsieningskanaal bestuurseenheid
- (3) 'n Amptenaar of tender-beoordelingskomitee aan wie die mag om finale toekennings te maak gesubdelegeer is in ooreenstemming met sub-paragraaf (2) van hierdie beleid moet binne vyf dae na die einde van elke maand 'n geskrewe verslag indien aan die amptenaar na wie verwys word in sub-paragraaf (4) van hierdie beleid wat besonderhede bevat van elke finale toekenning deur sodanige amptenaar of komitee gemaak gedurende daardie maand, insluitend –
- (a) die bedrag van die toekenning;
- (b) die naam van die persoon aan wie die toekenning gemaak is; en -
- (c) die rede waarom die toekenning aan daardie persoon gemaak is.
- (4) 'n Geskrewe verslag, waaraan in sub-paragraaf (3) van hierdie beleid verwys is, moet ingedien word
- (a) by die rekenpligtige beampte, in die geval van 'n toekenning deur –
- (i) die hoof finansiële beampte;
- (ii) 'n senior amptenaar in die voorsieningskanaal bestuurseenheid; of
- (iii) 'n tender-beoordelingskomitee waarvan die hoof finansiële beampte of 'n senior bestuurder 'n lid is; of
- (5) Sub-paragrawe (3) en (4) van hierdie beleid is nie van toepassing op aankope uit die kleinkas.
- (6) Hierdie paragraaf mag nie interpreteer word as om 'n amptenaar aan wie die mag om finale toekennings te maak gedelegeer is, toe te laat om 'n finale toekenning te maak in 'n mededingende tenderproses anders as deur die komitee stelsel waarvoor in paragraaf 26 van hierdie beleid voorsiening gemaak is nie.

- (7) Geen voorsieningskanaal-bestuursbesluitnemingsmagte mag gedelegeer word aan 'n raadgewer of konsultant nie.

Raad se toesighoudende rol

6. (1) Die raad moet toesig hou oor die implementering van hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid.
- (2) Ten behoeve van sodanige toesig moet die rekenpligtige beamppte binne 30 dae van die einde van elke finansiële jaar, 'n verslag oor die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die munisipaliteit en van enige munisipale liggaam onder sy alleen- of gedeelde beheer, aan die raad van die munisipaliteit indien,
- (3) Enige afwykings en ernstige probleme met betrekking tot die implementering van die beleid te rapporteer deur 'n verslag aan die Raad te rig.
- (4) Die rekenpligtige beamppte moet, binne 10 dae, van elke kwartaal 'n verslag oor die implementering van die Beleid by die burgemeester indien.
- (5) Die verslae moet oop en toeganklik vir die publiek wees. (Art. 21A van die Stelselwet)

Voorsieningskanaal-bestuurseenhede

7. (1) Die rekenpligtige beamppte moet 'n voorsieningskanaal-bestuurseenheid stig om hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid te implementeer.
- (2) Die voorsieningskanaal-bestuurseenheid moet, waar moontlik, onder die direkte toesig van die hoof finansiële beamppte funksioneer of 'n amptenaar aan wie hierdie plig gedelegeer is kragtens artikel 82 van die Wet.

Opleiding van voorsieningskanaal-bestuursamptenare

8. Die opleiding van amptenare wat gemoeid is met die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid behoort in ooreenstemming te wees met enige Tesourie-riglyne oor voorsieningskanaal-bestuursopleiding.

HOOFSTUK 2

RAAMWERK VIR VOORSIENINGSKANAAL-BESTUUR

Formaat van voorsieningskanaal-bestuur

9. Hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid voorsien stelsels vir –

- (i) vraag-bestuur;
- (ii) aankope-bestuur;
- (iii) logistiek-bestuur;
- (iv) verkope-bestuur;
- (v) risiko-bestuur; en
- (vi) prestasie-bestuur.

Deel 1: Vraag-bestuur Stelsel van vraag-bestuur

10. Die rekenpligtige beampte moet 'n effektiewe stelsel van vraagbestuur skep en implementeer om te kan verseker dat die goedere en dienste wat deur die Munisipaliteit benodig word die strategiese en operasionele doelwitte in die IDP, Begroting en SDBIP bevorder.

10.1 Die vraag-bestuurstelsel moet:

- (a) Effektiewe tydsbeplanning en bestuursprosesse insluit om te verseker dat daar begroot is vir die goedere en dienste wat deur die Munisipaliteite benodig word, die regte hoeveelheid, kwaliteit is en effektiewe aflewering op die regte plek geskied teen minimum koste
- (b) Enige ekonomiese voordele in ag neem wat deur herhaalde aankope bewerkstellig word
- (c) Voorseining maak dat spesifikasies so opgestel word dat die behoefte aangespreek en bevredig word
- (d) Die nodige industriële ontleding en marknavorsing doen om te verseker dat innovasies en tegnologiese voordele gemaksimeer word
- (e) So ver moontlik 'n beraamde koste vir die voorsiening van die goedere en dienste maak waarvoor 'n tenders gevra gaan word
- (f) Leiding gee in hoe die gepaste voorkeerpunte stelsel bepaal gaan word in die tenderdokumente,
- (g) Die gids vir Rekenpligtige Amptenare raadpleeg vir duidelike riglyne.

Deel 2: Aankope-bestuur
Stelsel van aankope-bestuur

11. (1) Die rekenpligtige beampte moet, deur middel van operasionele prosedures, 'n effektiewe stelsel van aankope-bestuur skep om te kan verseker –

- (a) dat goedere en dienste deur die munisipaliteit of munisipale liggaam alleen verkry word in ooreenstemming met goedgekeurde prosesse;
 - (b) dat uitgawes aan goedere en dienste aangegaan is ingevolge 'n goedgekeurde begroting kragtens artikel 15 van die Wet;
 - (c) dat die drempelwaardes vir die verskillende aankope-prosesse nagekom word;
 - (d) dat tender-dokumentasie, -evaluering en -beoordelingskriteria, en algemene voorwaardes van 'n kontrak, in ooreenstemming is met enige toepaslike wetgewing; en -
 - (e) dat enige Tesourie-riglyne oor aankope-bestuur behoorlik in ag geneem word.
- (2) Hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid, behalwe waar andersins voorsien in die beleid, is nie van toepassing ten opsigte van die verkryging van goedere en dienste in artikel 110(2) van die Wet beoog, insluitend –
- (a) water vanaf die Departement Waterwese of 'n openbare liggaam, 'n ander munisipaliteit of 'n munisipale liggaam; en -
 - (b) elektrisiteit vanaf Eskom of 'n ander openbare liggaam, 'n ander munisipaliteit of 'n munisipale liggaam.
- (3) Die volgende inligting moet openbaar gemaak word wanneer ookal goedere of dienste in artikel 110(2) van die Wet beoog verkry word anders as deur die voorsieningskanaal-bestuurstelsel -
- (a) die soort goedere of dienste; en -
 - (b) die naam van die verskaffer.

Omvang van verkrygings-prosesse

12. (1) Die verkryging van goedere en dienste deur hierdie beleid word voorsien deur middel van –

- (a) Kontant aankope tot op 'n transaksie waarde van R200,00. die aankope strokie moet aan die kontant bewys geheg word en moet deur 'n Hoof goedgekeur word.

Kleinkas-aankope, tot op 'n transaksiewaarde van R 2 000,00 die aankope strokie moet aan die Bestelling bewys geheg word en moet deur 'n Hoof goedgekeur word.
- (b) Aankope van R 2001,00 tot R 5000,00 (BTW ingesluit); drie (3) mondelinge pryskwotasies vir aankope met 'n transaksiewaarde onder R 5000,00 (BTW ingesluit);
- (c) Drie (3) geskrewe pryskwotasies vir aankope met 'n transaksiewaarde van meer as R5001,00 tot op R30 000 (BTW ingesluit); en -
- (d) Formele kwotasies vir aankope met 'n transaksiewaarde van meer as R30 000 tot op R200 000 (BTW ingesluit); en –

- (e) 'n mededingende tender-proses vir–
 - (i) aankope met 'n transaksiewaarde bo R 200 000 (BTW ingesluit); en
 - (ii) die verkryging van langtermyn kontrakte.
- (2) Die rekennpligtige beampte mag, skriftelik, die verskillende drempelwaardes in sub-paragraaf verlaag, maar nie verhoog nie; of -
- (b) opdrag gee dat –
 - (i) mondelingse kwotasies verkry word vir enige spesifieke aanskaffing met 'n transaksiewaarde laer as R5000,00.;
 - (ii) geskrewe prys-kwotasies verkry word vir enige spesifieke aanskaffing met 'n transaksiewaarde laer as R30 000; of
 - (iii) formele kwotasies gevolg word vir enige spesifieke aanskaffing met 'n transaksiewaarde groter as R30 000.
 - (iv) 'n mededingende tender-proses gevolg word vir enige spesifieke aanskaffing met 'n transaksiewaarde groter as R200 000.
- (3) Goedere of dienste mag nie opsetlik opgedeel word in dele of items met 'n kleiner waarde bloot om die nakoming van die vereistes van die beleid te vermy nie. By die bepaling van transaksiewaardes, moet 'n behoefte aan goedere of dienste wat bestaan uit verskillende dele of items so vër moontlik behandel en hanteer word as 'n enkele transaksie.

Algemene voorvereistes vir oorweging van geskrewe kwotasies of tenders

13. 'n Geskrewe kwotasie of tender mag nie oorweeg word tensy die verskaffer wat die kwotasie of tender ingedien het –

- (a) daardie verskaffer se –
 - (i) volle naam;
 - (ii) identiteitsnommer of maatskappy- of ander registrasienommer; en
 - (iii) belasting-verwysingsnommer en BTW-registrasienommer, indien enige, voorsien het nie.
 - (iv) registrasienommer in terme van afdeling 18(1) vant die Konstruksie en Nywerheids Ontwikkelingsraads-wet, wanneer die verskaffer tender of kwoteer vir konstruksie werke of dele daarvan
- (b) die munisipaliteit gemagtig het om 'n belasting-klaringsertifikaat vanaf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te bekom dat die verskaffer se belastingsake in orde is; en -
- (c) aangedui het –
 - (i) of hy of sy in diens van die staat is, of gedurende die afgelope twaalf maande in diens van die staat was;
 - (ii) indien die verskaffer nie 'n natuurlike persoon is nie, of enige van sy direkteure, bestuurders, hoof-aandeelhouers of insethouers in diens van die staat is, of gedurende die afgelope twaalf maande in diens van die staat was; of
 - (iii) of 'n eggenoot, kind of ouer van die verskaffer of van 'n direkteur, bestuurder, aandeelhouer of insethouer waarna verwys word in sub-paragraaf (ii) in diens van die staat is, of gedurende die afgelope twaalf maande in diens van die staat was.
- (e) Die kwotasie geteken het

Lyste geakkrediteerde voornemende verskaffers

14. (1) Die rekenpligtige beampte moet –

- (a) 'n lys aanhou van geakkrediteerde voornemende verskaffers van goedere en dienste wat gebruik moet word vir die verkrygings-vereistes van die deur geskrewe of mondelingse kwotasies en formele geskrewe prys-kwotasies; en -
 - (b) minstens een maal per jaar, deur middel van koerante wat algemeen plaaslik sirkuleer, die webwerf en enige ander toepaslike manier, voornemende verskaffers van goedere of dienste uitnoui om aansoek te doen vir evaluering en lysing as geakkrediteerde voornemende verskaffers;
 - (c) die lysings-kriteria vir geakkrediteerde voornemende verskaffers spesifiseer; soos per aanhangsel B en -
 - (d) die lysing van enige voornemende verskaffer wie se naam op die Nasionale Tesourie se databasis verskyn as 'n persoon wat verbied is om handel te dryf met die openbare sektor, te weier.
- (2) Die lys moet minstens kwartaalliks bygewerk word om enige addisionele voornemende verskaffers en enige nuwe kommoditeite of tipes van dienste in te sluit. Voornemende verskaffers moet toegelaat word om aansoeke vir lysing te eniger tyd in te dien.
- (3) Die lys moet opgestel word per kommoditeit en per tipe diens.

Kleinkas-aankope

15. Die rekenpligtige beampte moet die voorwaardes vir die verkryging van goedere deur middel van kleinkas-aankope waarna in paragraaf 12 (1) (a) van hierdie beleid verwys word, vasstel, wat voorwaardes moet insluit wat –

- (a) die voorwaardes bepaal waaronder 'n bestuurder die verantwoordelikheid vir die kleinkas aan 'n amptenaar wat aan die bestuurder rapporteer mag delegeer;
- (b) die getal kleinkas-aankope of die maksimum bedrae per maand vir elke bestuurder beperk;
- (c) enige tipe uitgawe waar dit nodig geag word, van kleinkas-aankope uitgesluit word; en -
- (d) maandelikse rekonsiliasie verslae vanaf elke bestuurder aan die hoof finansiële beampte vereis, insluitend –
 - (i) die totale bedrag van kleinkas-aankope vir daardie maand; en -
 - (ii) kwitansies en toepaslike dokumente vir elke aankoop.

Geskrewe of mondelingse kwotasies

16. Die rekenpligtige beampte moet die vereistes bepaal vir die verkryging van goedere of dienste deur geskrewe of mondelingse kwotasies, wat vereistes moet insluit wat verklaar –

- (a) dat kwotasies bekom moet word vanaf ten minste drie verskillende verskaffers verkieslik van, maar nie beperk nie tot, verskaffers wie se name op die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers van die munisipaliteit of munisipale liggaam verskyn, op voorwaarde dat, indien kwotasies bekom word vanaf verskaffers wat nie gelys is nie, sodanige verskaffers aan die lystings-kriteria in die voorsieningskanaal-bestuursbeleid deur paragrawe 14(1)(b) en (c) van hierdie beleid bepaal, moet voldoen;
- (b) dat, in sover doenlik, verskaffers versoek moet word om sodanige kwotasies skriftelik in te dien;nie later as die aangeduide tyd en datumen alle kwotasie kan per faks,e-pos of anders ingedien word
- (c) dat indien dit nie moontlik is om ten minste drie kwotasies te bekom nie, die redes daarvoor aangeteken moet word en kwartaalliks aan die rekenpligtige beampte of ander amptenaar aangewys deur die rekenpligtige beampte gerapporteer word;
- (d) dat die rekenpligtige beampte die name van die moontlike verskaffers wat versoek is om sodanige kwotasies te voorsien moet aanteken saam met hulle gekwoteerde pryse; en -
- (e) dat indien 'n kwotasie mondelings ingedien was, die bestelling alleen geplaas mag word teen skriftelike bevestiging deur die verkose verskaffer.

Formeel geskrewe prys kwotasies

17. (1) Die rekenpligtige beampte moet die vereistes vir die verkryging van goedere of dienste deur formeel geskrewe prys-kwotasies bepaal, wat vereistes moet insluit wat verklaar –

- (a) dat kwotasies skriftelik bekom moet word vanaf ten minste drie verskillende verskaffers wie se name op die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers van die munisipaliteit verskyn;
- (b) dat kwotasies bekom mag word vanaf verskaffers wat nie gelys is nie, op voorwaarde dat sodanige verskaffers aan die lystings-kriteria in die voorsieningskanaal-bestuursbeleid deur paragrawe 14(1)(b) en (c) van hierdie beleid bepaal, moet voldoen;
- (c) dat verskaffers kwotasies in skrif duidelik gemerk en moet in die tenderboks geplaas of gefaks word om nie die Munisipaliteit later as die aangeduide datum en tyd te bereik nie. Gefakse, ge-eposde of kwotasies wat na die sluitingsdatum of tyd ontvang word sal nie oorweeg word nie.
- (c) dat indien dit nie moontlik is om ten minste drie kwotasies te bekom nie, die redes daarvoor aangeteken en goedgekeur moet word deur die hoof finansiële beampte of 'n amptenaar deur die hoof finansiële beampte aangewys, en -
- (d) dat die rekenpligtige beampte die name van die moontlike verskaffers en hulle geskrewe kwotasies moet aanteken.

(2) 'n Aangewysde amptenaar waarna in sub-paragraaf (1)(c) verwys word moet binne drie dae na die einde van elke maand verslag doen aan die hoof finansiële beampte oor enige goedkeurings gedurende daardie maand deur daardie amptenaar kragtens daardie sub-paragraaf toegestaan.

Prosedures vir aanskaf van goedere of dienste deur informele mededingende tender proses.

18. Die rekenpligtige beampte moet die operasionele prosedure bepaal vir die verkryging van goedere of dienste deur informele mededingende tender proses, wat moet stipuleer –

- (a) dat alle behoeftes wat R30 000 (BTW ingesluit) oorskry, wat verkry gaan word deur middel van 'n Informele mededingende tender proses moet, bo en behalwe die vereistes van paragraaf 17, geadverteer word vir ten minste veertien dae op die webwerf en 'n amptelike kennisgewingbord van die munisipaliteit of munisipale liggaam;
- (b) dat wanneer die lys van geakkrediteerde voornemende verskaffers gebruik word, die rekenpligtige beampte deurlopende mededinging onder die verskaffers moet aanmoedig, insluitend deur verskaffers te nooi om kwotasies op 'n rotasie-basis in te dien;
- (c) Alle aanbiedinge wat ontvang word moet op 'n vergelykbare manier gevalueer word en alle onvoorwaardelike afkortings moet in ag geneem word.
- (d) dat die rekenpligtige beampte alle redelike stappe moet neem om te verseker dat die verkryging van goedere en dienste deur geskrewe of mondelingse kwotasies of formeel geskrewe prys kwotasies nie misbruik word nie;
- (e) dat die rekenpligtige beampte of hoof finansiële beampte op 'n maandelikse basis skriftelik kennis gegee moet word van alle geskrewe of mondelingse kwotasies en formeel geskrewe prys-kwotasies wat deur 'n amptenaar aanvaar is kragtens sub-delegasie, en;
- (f) Aanbiedinge onder R30 000(BTW Ingesluit) moet toegeken op die beginsel dat dit aan die spesifikasies en kontrak voorwaardes moet voldoen, die verskaffer die vermoë en die kapasiteit het om die produk of diens te lewer en die laagste prys
- (g) aanvaarbare aanbiedinge wat onderhewig is aan die voorkeur puntestelsel (en ander geassosieerde regulasies) moet aan die verskaffer met die hoogste puntetoekenning gegee word; mits dit aan al die wetiese voorwaardes voldoen;
- (h) vereistes vir behoorlike optekening.

Mededingende tender-proses

- 19.1** Goedere of dienste bo 'n transaksiewaarde van R200 000 (BTW ingesluit) en langtermyn kontrakte mag alleen verkry word deur middel van 'n mededingende tender-proses, onderworpe aan paragraaf 11(2) van hierdie beleid; en -
- 19.2** Geen behoefte aan goedere of dienste bo 'n geskatte transaksie-waarde van R200 000 (BTW ingesluit), mag opsetlik opgedeel word in dele of items met 'n kleiner waarde bloot om die goedere of dienste te verkry anders as deur middel van 'n mededingende tender-proses nie.
- 19.3** Die rekenpligtige beampte mag projekte met groot hoeveelhede opbreek in kleiner kontrakte (eenhede) om geleenthede vir opkomende besighede en entrepreneurs te skep. Voorafgaande mag net gedoen word mits dit logies, tegnies en finansiël moontlik is.

Proses vir mededingende tenderaary

20. Die rekenpligtige beampte moet prosedures vir 'n mededingende tender-proses vir elk van die volgende stappe skep:

- (a) die opstel van tender-dokumentasie; (paragraaf 21)
- (b) die openbare vra van tenders; (paragraaf 22)
- (c) vergaderings ter plaatse of voorligtingsessies, indien van toepassing; (paragraaf 22)
- (d) die hantering van tenders ingedien ingevolge openbare uitnodiging; (paragraaf 23)
- (e) die evaluering van tenders; (paragraaf 28)
- (f) die toekenning van kontrakte; (paragraaf 29)
- (g) die administrasie van kontrakte; en –
- (h) Na die toekenning van die kontrak, moet die rekenpligtige beampte en die tenderaar 'n geskrewe ooreenkoms aangaan.
- (i) behoorlike optekening.
- (j) Oorspronklike / wettige afskrifte en geskrewe kontrak ooreenkomste moet in 'n veilige plek bewaar word vir toekomstige verwysings.

Tender-dokumentasie vir mededingende tenders

21. Die rekenpligtige beampte moet die kriteria bepaal waaraan tender-dokumentasie vir 'n mededingende tender-proses moet voldoen, wat, bo en behalwe paragraaf 13 van hierdie beleid, moet –

- (a) in ag neem –
 - (i) die algemene kontrakvoorwaardes sowel as enige spesiale kontrakvoorwaardes;
 - (ii) enige Tesourie-riglyne oor tender-dokumentasie; en -
 - (iii) die vereistes van die Konstruksienywerheid-Ontwikkelingsraad, in geval van 'n tender in verband met konstruksie, opgradering of opknap van geboue of infrastruktuur;
 - (iiii) die tender moet voldoen aan die vereistes gestel in die CIDB regulasies van 2004, gedeelte 16(4) van die CIDB wet en aan die CIDB praktyk notas.
- (b) evaluering- en beoordelingskriteria bevat, voorkeur puntstelsel wat gebruik gaan word, die doelwitte wat bevorder gaan word, insluitend enige kriteria deur ander toepaslike wetgewing vereis; ook voldoen aan CIDB regulasies.
- (c) tenderaars dwing om enige belange-botsings wat hulle mag hê in die transaksie waarvoor die tender ingedien word te verklaar;
- (d) indien dit verwag word dat die waarde van die transaksie R3 miljoen (BTW ingesluit) sal oorskry, voorskryf dat die tenderaars –
 - (i) indien die tenderaar deur die wet verplig is om jaarlikse finansiële state vir ouditering voor te berei, hul geouditeerde jaarlikse finansiële state –

- (aa) vir die afgelope drie jaar; of
 - (bb) vanaf hul stigting, indien gedurende die afgelope drie jaar gestig;
- (ii) 'n sertifikaat, onderteken deur die tenderaar, wat sertifiseer dat die tenderaar geen onbestrede verpligtinge het vir munisipale dienste teenoor 'n munisipaliteit of ander diensverskaffer in verband waarmee betaling agterstallig is vir meer as 30 dae nie;
 - (iii) besonderhede van enige kontrakte aan die tenderaar toegeken deur 'n staatsorgaan gedurende die afgelope vyf jaar, insluitend besonderhede van enige wesenlike nie-nakoming of dispuut rakende die uitvoering van sodanige kontrak;
 - (iv) 'n verklaring wat aandui of daar verwag word of enige deel van die goedere of dienste van buite die Republiek verkry gaan word, en, indien so, watter deel en of daar verwag word dat enige deel van die betaling vanaf die munisipaliteit of munisipale liggaam na buite die Republiek oorgeplaas sal word; te voorsien, en
- (e) stipuleer dat dispute deur middel van onderlinge beraadslaging, bemiddeling (met of sonder regsverteenvoording), of, wanneer onsuksesvol, in 'n Suid-Afrikaanse geregshof geskik moet word. Klagtes en griewe moet ook volgens CIDB regulasies gehanteer word.
 - (f) Vir spesifieke industrieë, soos geïdentifiseer deur die Departement Handel en Nywerheid, waar die toekenning van tenders aan plaaslike vervaardigers en verskaffers van kritieke belang is, dat sulke advertensies volgens 'n spesifieke voorwaardes opgestel word. Moet voldoen aan CIDB regulasies.

Openbare uitnodiging vir mededingende tenders

22. Die rekenpligtige beampte moet die prosedure vir die vra van mededingende tenders vasstel, wat moet voorskryf dat:

- (1) (a) Enige uitnodiging aan voornemende verskaffers om tenders in te dien moet plaasvind deur middel van 'n openbare advertensie in koerante wat algemeen plaaslik sirkuleer, die webwerf van die munisipaliteit of munisipale liggaam of enige ander toepaslike maniere (wat 'n advertensie in die Staats-tenderbulletin mag insluit); en -
- (b) die inligting in 'n openbare advertensie vervat, moet insluit –
 - (i) die sluitingsdatum vir die indien van tenders, wat nie minder as 30 dae mag wees nie in die geval van transaksies bo R3 miljoen (BTW ingesluit), of wat langtermyn van aard is, of 14 dae in enige ander geval, vanaf die datum waarop die advertensie in 'n koerant geplaas word, onderhewig aan sub-paragraaf (2) van hierdie beleid; en -
 - (ii) 'n verklaring dat tenders alleen ingedien mag word op die tender-dokumentasie deur die munisipaliteit of munisipale liggaam voorsien.
 - (iii) datum, tyd en plek van enige terrein vergadering of inligting sessie.
- (2) Die rekenpligtige beampte mag 'n sluitingsdatum vir die indien van tenders bepaal wat minder is as die vereiste 30 of 14 dae, maar alleenlik indien sodanige korter tydperk geregverdig kan word op grond van dringendheid of nood of enige uitsonderlike geval waar dit onprakties of onmoontlik is om die amptelike verkrygings-proses te volg.
- (3) Ingediende tenders moet verseël wees.

(4) Waar tenders in elektroniese formaat versoek is, moet sodanige tenders aangevul word deur verseëelde harde kopieë.

Prosedure vir hantering, opening en aantekening van tenders

23. Die rekenpligtige beampte moet die prosedures vir die hantering, opening en aantekening van tenders vasstel, wat moet voorskryf dat:

- (a) Tenders–
 - (i) alleen in die openbaar geopen moet word; en -
 - (ii) moet op dieselfde tydstip geopen word en so gou doenlik na verstryking van die tydperk vir die indien van tenders;
 - (iii) alle tenders wat na die sluitingsdatum en tyd ontvang is moet nie in ag geneem word nie en so gou moontlik onoopgemaak teruggestuur word.
- (b) Enige tenderaar of lid van die publiek het die reg om te versoek dat die name van die tenderaars wat tenders betyds ingedien het uitgelees word en, indien prakties, ook elke tenderaar se totale tender-prys; en –
- (c) Geen inligting wat verband hou met die tenderaars of suksesvolle tenderaar mag geopenbaar word nie, anders as die in sub paragraaf (b)
- (d) Die rekenpligtige beampte moet –
 - (i) alle tenders wat betyds ontvang is in 'n register aanteken;
 - (ii) die register beskikbaar stel vir openbare besigtiging; en -
 - (iii) die aantekening in die register en die tender-uitslae op die webwerf publiseer.

Onderhandelings met voorkeurtenderaars

24. (1) Die rekenpligtige beampte mag die finale bepaling van 'n kontrak onderhandel met tenderaars wat geïdentifiseer is as voorkeurtenderaars deur middel van 'n mededingende tender-proses, op voorwaarde dat sodanige onderhandeling –

- (a) nie enige voorkeurtenderaar 'n tweede of onbillike geleentheid toelaat nie;
 - (b) nie tot nadeel van enige ander tenderaar is nie; en -
 - (c) nie sal lei na 'n hoër prys as die tender soos ingedien nie.
- (2) Notules van sodanige onderhandelinge moet vir rekord-doeleindes gehou word.

Twee-fase tender-proses

25. (1) 'n Twee-fase tender-proses word toegelaat vir –

- (a) groot ingewikkelde projekte;
- (b) projekte waar dit ongewens mag wees om volledig gedetailleerde tegniese spesifikasies voor te berei; of -

- (c) langtermyn projekte met 'n tydsduur van meer as drie jaar.
- (2) In die eerste fase behoort tegniese voorstelle op konsepionele ontwerp- of prestasie-spesifikasies gevra te word, onderhewig aan tegniese so wel as kommersiële verduidelikings en aanpassings.
- (3) In die tweede fase behoort finale tegniese voorstelle en tenders met vasgestelde pryse gevra te word.

Komiteestelsel vir mededingende tenders

26. (1) Die rekenpligtige beampte is verplig om –

- (a) 'n komiteestelsel vir mededingende tenders saam te stel bestaande uit ten minste –
 - (i) 'n tenderspesifikasiekomitee;
 - (ii) 'n tenderevaluasiekomitee; en -
 - (iii) 'n tender-beoordelingskomitee;
- (b) die lede van elke komitee aan te stel, met inagneming van artikel 117 van die Wet; en -
- (c) voorsiening maak vir 'n bywonings- of toesighoudende proses deur 'n onpartydige of onafhanklike waarnemer, aangestel deur die rekenpligtige beampte, wanneer dit gepas is om billikheid te verseker en deursigtigheid te bevorder.

(2) Die komiteestelsel moet nie strydig wees met –

- (a) paragrawe 27, 28 en 29 van hierdie beleid; en -
- (b) enige ander toepaslike wetgewing nie.

(3) Die rekenpligtige beampte mag die komiteestelsel toepas by formeel geskrewe prys-kwotasies.

Tenderspesifikasiekomitees

27. (1) Die tenderspesifikasiekomitee moet die spesifikasies vir elke verkryging van goedere of dienste deur die munisipaliteit of munisipale liggaam opstel.

(2) Spesifikasies –

- (a) moet opgestel word op 'n onbevooroordeelde manier om alle moontlike verskaffers toe te laat om hul goedere of dienste aan te bied;
- (b) moet enige aanvaarde standaard in ag neem soos dié uitgereik deur Standaard Suid-Afrika, die Internasionale Standaardorganisasie, of 'n gesag deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkrediteringsstelsel geakkrediteer of erken waaraan die toerusting of materiaal of vakmanskap behoort te voldoen;
- (c) moet, waar moontlik, beskryf word in terme van vereiste prestasie eerder as van beskrywende ontwerp-eienskappe;

- (d) mag nie handels-versperrings in kontrak-vereistes in die vorms van spesifikasies, planne, tekeninge, ontwerpe, toetsing en toets metodes, verpakking, bemarking of etikettering van insiklikheidsertifikasie instel nie;
- (e) mag nie verwys na enige spesifieke handelsmerk, naam, patent, ontwerp, tipe, spesifieke oorsprong of produsent tensy daar geen ander voldoende noukeurige of verstaanbare manier is om die eienskappe van die werk te beskryf nie, in welke geval sodanige verwysing deur die woorde "soortgelyk" gepaard moet gaan;
- (f) moet elke spesifieke doelwit uitwys waarvoor punte kragtens die punte-stelsel soos uiteengesit in die Voorkeur-Verkrygingsregulasies, 2011, toegeken mag word; en - (Addendum A)
- (g) moet, voor die bekendmaking van die uitnodiging vir tenders kragtens paragraaf 22 van hierdie beleid, deur die rekenpligtige beampete goedgekeur word.
- (3) Die tenderspesifikasiekomitee moet bestaan uit een of meer amptenare van die munisipaliteit of munisipale liggaam, verkieslik die bestuurder verantwoordelik vir die betrokke funksie, en mag, wanneer paslik, eksterne spesialis-raadgewers insluit.
- (4) Geen persoon, raadgewer of korporatiewe liggaam met die tenderspesifikasiekomitee gemoeid, of direkteur van so 'n korporatiewe liggaam, mag vir enige gevolglike kontrakte tender nie.

Tenderevaluasiekomitees

28. (1) Die tenderevaluasiekomitee moet –

- (a) tenders evalueer in ooreenstemming met –
 - (i) die spesifikasies vir 'n spesifieke verkryging; en -
 - (i) die puntestelsel uiteengesit kragtens paragraaf 27(2)(f). (Addendum A)
- (b) elke tenderaar se vermoë om die kontrak uit te voer evalueer;
- (c) nagaan, ten opsigte van die aanbevole tenderaar, of munisipale belasting en munisipale diensteheffings nie agterstallig is nie, en;
- (d) 'n verslag en aanbevelings aangaande die toekenning van die tender of enige ander verwante aangeleentheid aan die beoordelingskomitee indien.
- (2) Die tenderevaluasiekomitee moet so vêr moontlik bestaan uit –
 - (a) amptenare uit departemente wat die goedere of dienste benodig; en -
 - (b) ten minste een voorsieningskanaal-bestuurspraktisyn van die munisipaliteit.
 - (c) indien dit 'n komplekse produk/diens is mag daar van 'n eksterne persoon se dienste gebruik gemaak word om as raadgewer/adviseur op te tree

Tender-beoordelingskomitees

29. (1) Die tender-beoordelingskomitees moet –

- (a) oorweging skenk aan die verslag en aanbevelings van die tenderevaluasiekomitee; en -
 - (b) óf –
 - (i) afhangende van sy delegasies, 'n finale toekenning maak of 'n aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte om die finale toekenning te maak; of -
 - (ii) 'n ander aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte hoe om met die verwante verkryging voort te gaan.
- (2) Die tender-beoordelingskomitee moet bestaan uit ten minste vier senior bestuurders van die munisipaliteit of munisipale liggaam, wat moet insluit –
- (i) die hoof finansiële beampte of, indien die hoof finansiële beampte nie beskikbaar is nie, 'n ander bestuurder in die begroting- en tesourie-kantoor wat direk aan die hoof finansiële beampte rapporteer en deur die hoof finansiële beampte aangewys is; en -
 - (ii) ten minste een senior voorsieningskanaal-bestuurspraktisyn wat 'n amptenaar van die munisipaliteit is; en -
 - (iii) 'n tegniese deskundige in die betrokke gebied wat 'n amptenaar is, indien so 'n deskundige bestaan.
- (3) Die rekenpligtige beampte moet die voorsitter van die komitee aanstel. Indien die voorsitter afwesig is van 'n vergadering, moet die komitee lede wat aanwesig is een van hulle verkies om op die vergadering voor te sit.
- (4) Nóg 'n lid van 'n tenderevaluasiekomitee, nóg 'n raadgewer of persoon wat die evaluasiekomitee assisteer, mag 'n lid wees van 'n tender-beoordelingskomitee.
- (5) (a) Indien die tender-beoordelingskomitee besluit om 'n tender toe te ken anders as die een wat deur die evaluasiekomitee aanbeveel is, moet die tender-beoordelingskomitee, voordat die tender toegeken word –
- (i) nagaan, ten opsigte van die voorkeurtenderaar, of daardie tenderaar se munisipale belasting en munisipale diensteheffings nie agterstallig is nie, en;
 - (ii) die rekenpligtige beampte in kennis stel.
- (b) Die rekenpligtige beampte mag –
- (i) na behoorlike oorweging van die redes vir die afwyking, die besluit van die tender-beoordelingskomitee waarna verwys word in paragraaf (a) bekragtig of afkeur; en -
 - (ii) indien die besluit van die tender-beoordelingskomitee afgekeur word, die besluit van die beoordelingskomitee na daardie komitee terugverwys vir her-oorweging.
- (6) Die rekenpligtige beampte mag te enige stadium van 'n tenderproses, enige aanbeveling gemaak deur die evaluasiekomitee of die beoordelingskomitee na daardie komitee terugverwys vir heroorweging van die aanbeveling.
- (7) Die rekenpligtige beampte moet artikel 114 van die Wet binne 10 werksdae nakom.

Verkryging van bankdienste

30. (1) Bankdienste –

- (a) moet verkry word deur middel van mededingende tenders;
 - (b) moet ooreenstem met artikel 7 of 85 van die Wet; en -
 - (c) mag nie vir 'n tydperk van meer as vyf jaar op 'n keer wees nie.
- (2) Die proses om 'n kontrak vir bankdienste te verkry moet minstens nege maande voor die verstryking van 'n bestaande kontrak begin.
- (3) Die sluitingsdatum vir die indien van tenders mag nie minder wees nie as 60 dae vanaf die datum waarop die advertensie in 'n koerant geplaas is kragtens paragraaf 22(1). Tenders moet beperk word tot banke wat geregistreer is kragtens die Wet op Banke, 1990 in(Wet Nr. 94 van 1990).

Verkryging van IT-verwante goedere of dienste

31. (1) Die rekenpligtige beampte mag die Staats Inligting-Tegnologie Agentskap (SITA) versoek om te help met die verkryging van IT-verwante goedere of dienste deur middel van 'n mededingende tenderproses.

(2) Albei partye moet 'n geskrewe ooreenkoms aangaan om die dienste wat gelewer word deur, en die betalings wat gemaak moet word aan, SITA te reguleer.

(3) Die rekenpligtige beampte moet SITA in kennis stel, saam met 'n motivering, van die IT-behoeftes indien –

- (a) die transaksiewaarde van IT-verwante goedere of dienste in enige finansiële jaar benodig R50 miljoen (BTW ingesluit) sal oorskry; of -
- (b) die transaksiewaarde van 'n kontrak verkry te word, hetsy vir een of meer jare, R50 miljoen (BTW ingesluit) sal oorskry.

(4) Indien SITA kommentaar lewer oor die voorlegging en die munisipaliteit met sodanige kommentaar verskil, moet die kommentaar en die redes waarom sodanige kommentaar verwerp of nie gevolg word nie ingedien word by die raad, die Nasionale Tesourie, die toepaslike Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-Generaal.

Verkryging van goedere en dienste onder kontrakte aangegaan deur ander staatsorgane

32. (1) Die rekenpligtige beampte mag goedere of dienste verkry onder 'n kontrak wat aangegaan is deur 'n ander staatsorgaan, maar alleen indien –

- (a) die kontrak aangegaan is deur daardie ander staatsorgaan deur middel van 'n mededingende tenderproses van toepassing op daardie staatsorgaan;
- (b) daar geen rede bestaan om te glo dat sodanige kontrak nie geldiglik verkry was nie;
- (c) daar bewysbare kortings of voordele bestaan om so te doen; en -

- (d) dat ander staatsorgane en die verskaffer skriftelik tot sodanige verkryging ingewillig het.
- (2) Sub-paragrafe (1)(c) en (d) is nie van toepassing nie indien –
 - (a) 'n munisipale liggaam goedere of dienste deur 'n kontrak verkry wat aangegaan is deur sy moeder-munisipaliteit; of -
 - (b) die munisipaliteit goedere of dienste deur 'n kontrak verkry wat aangegaan is deur 'n munisipale liggaam waarvan hy die moeder-munisipaliteit is.

Verkryging van goedere wat besondere veiligheids-maatreëls vereis

33. (1) Die verkryging en berging van goedere in grootmaat (anders as water) wat besondere veiligheids-maatreëls vereis, insluitend gasse en brandstof, behoort waar ookal moontlik vermy te word.

(2) Waar die berging van goedere in grootmaat geregverdig is, moet sodanige regverdiging gebaseer word op gesonde redes, insluitend die totale koste van eienaarskap, koste voordele en omgewings-impak, en moet goedgekeur word deur die rekenpligtige beampte.

Trots SA-Veldtog

34. Die rekenpligtige beampte moet interne bedryfsprosedures bepaal wat die Trots SA-Veldtog ondersteun tot so 'n mate dat, in gelyke omstandighede, voorkeur gegee word om plaaslike goedere en dienste te verkry vanaf:

- Eerstens –verskaffers en besighede binne die munisipaliteit of distrik;
- Tweedens – verskaffers en besighede binne die toepaslike provinsie;
- Derdens – verskaffers en besighede binne die Republiek van Suid-Afrika

Aanstel van konsultante

35. (1) Die rekenpligtige beampte mag raadgewende dienste verkry op voorwaarde dat enige Tesourieriglyne in verband met raadgewende dienste in ag geneem word wanneer sodanige verkrygings aangegaan word.

(2) Raadgewende dienste moet verkry word deur middel van mededingende tenders indien –

- (a) die waarde van die kontrak R100 000 (BTW ingesluit) oorskry; of -
- (b) die tydsduur van die kontrak een jaar oorskry.

(3) Bo en behalwe enige vereistes deur hierdie beleid vir mededingende tenders voorgeskryf, moet tenderaars besonderhede verskaf van –

- (a) alle konsuleringsdienste aan 'n staatsorgaan voorsien gedurende die afgelope vyf jaar; en -
- (b) enige soortgelyke konsuleringsdienste aan 'n staatsorgaan voorsien gedurende die afgelope vyf jaar.

(4) Die rekenpligtige beampte moet verseker dat kopiereg in enige dokument opgelewer, en die patentregte of eienaarskap in enige aanleg, masjinerie, ding, stelsel of proses ontwerp of bedink, deur 'n konsultant in die loop van die konsuleringsdiens, by die munisipaliteit gevestig is.

Afwyking van, en bekragtiging van kleiner skendings van verkrygingsprosesse

36. (1) Die rekenpligtige beampte mag –

- (a) afsien van die amptelike verkrygingsprosesse deur hierdie beleid geskep en enige vereiste goedere of dienste deur enige geskikte proses, wat direkte onderhandelings mag insluit, verkry, maar alleen –
 - (i) in 'n nood-toestand;
 - (ii) Indien sodanige goedere of dienste alleen deur 'n enkele verskaffer vervaardig of verkrygbaar is;
 - (iii) vir die verkryging van besondere kunswerke of geskiedkundige voorwerpe waar spesifikasies moeilik is om op te stel;
 - (iv) verkryging van diere vir dieretuine en/of natuur- en wildreservate; of -
 - (v) in enige ander uitsonderlike geval waar dit onprakties of onmoontlik is om die amptelike verkrygingsprosesse te volg; en -
- (b) enige kleiner skendings van die verkrygingsprosesse deur 'n amptenaar of komitee wat optree kragtens gedelegeerde magte of pligte, wat geheel en al van 'n tegniese aard is, bekragtig.

(2) Die rekenpligtige beampte moet die redes vir enige afwykings ingevolge sub-paragrafe (1)(a) en (b) van hierdie beleid aanteken en hulle by die eersvolgende raadsvergadering rapporteer en insluit as 'n nota tot die jaarlikse finansiële state.

(3) Sub-paragraaf (2) is nie van toepassing op die verkryging van goedere en dienste in paragraaf 11(2) van hierdie beleid beoog nie.

Ongevraagde tenders

37. (1) In ooreenstemming met artikel 113 van die Wet is daar geen verpligting om ongevraagde tenders wat ontvang is buite 'n normale tenderproses te oorweeg nie.

(2) Die rekenpligtige beampte mag besluit, kragtens artikel 113(2) van die Wet, om 'n ongevraagde tender te oorweeg, alleen indien –

- (a) die produk of diens ingevolge die tender aangebied 'n bewysbare of beproefde unieke nuwe konsep is;
- (b) die produk of diens uitsonderlik voordelig sal wees, of uitsonderlike koste-voordele het;
- (c) die persoon wat die tender gemaak het die enigste verskaffer van die produk of diens is; en -
- (d) die redes om nie deur die normale tenderprosesse te gaan nie as deeglik beskou word deur die rekenpligtige beampte.

(3) Indien die rekenpligtige beampte besluit om 'n ongevraagde tender te oorweeg wat met sub-paragraaf (2) van hierdie beleid ooreenstem, moet die besluit openbaar gemaak word ingevolge artikel 21A van die Wet op Munisipale Stelsels, tesame met –

- (a) redes waarom die tender nie oop behoort te wees aan ander mededingers nie;
- (b) 'n uiteensetting van die moontlike voordele indien die ongevraagde tender aangeneem sou word; en -
- (c) 'n uitnodiging aan die publiek of ander moontlike verskaffers om hul kommentaar binne 30 dae vanaf die kennisgewing in te dien.

(4) Alle geskrewe kommentaar ontvang ingevolge sub-paragraaf (3), insluitend enige reaksie vanaf die ongevraagde tenderaar, moet ingedien word by die Nasionale Tesourie en die toepaslike Provinsiale Tesourie vir kommentaar.

(5) Die beoordelingskomitee moet die ongevraagde tender oorweeg en mag die tender toeken of 'n aanbeveling maak aan die rekenpligtige beampte, afhangende sy delegasies.

(6) 'n Vergadering van die beoordelingskomitee om 'n ongevraagde tender te oorweeg moet oop wees vir die publiek.

(7) Wanneer die aangeleentheid oorweeg word, moet die beoordelingskomitee in ag neem –

- (a) enige kommentaar deur die publiek ingedien; en -
- (b) enige geskrewe kommentaar en aanbevelings van die Nasionale Tesourie of die toepaslike Provinsiale Tesourie.

(8) Indien enige aanbevelings van die Nasionale Tesourie of Provinsiale Tesourie verwerp of nie gevolg word nie, moet die rekenpligtige beampte aan die Ouditeur-Generaal, die toepaslike Provinsiale Tesourie en die Nasionale Tesourie, die redes indien waarom daardie aanbevelings verwerp of nie gevolg is nie.

(9) Sodanige indiening moet gedoen word binne sewe dae na die besluit oor die toekenning van die ongevraagde tender geneem is, maar geen kontrak wat die munisipaliteit aan die tender verbind mag aangegaan word nie binne 30 dae van die indiening nie.

Bekamping van misbruik van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel

38. Die rekenpligtige beampte moet maatreëls skep vir die bekamping van misbruik van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel, wat die volgende moet stipuleer:

(1) Die rekenpligtige beampte moet–

- (a) alle redelike stappe neem om misbruik van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel te voorkom;
- (b) enige aantygings teen 'n amptenaar of ander rolspeler van bedrog, korrupsie, partydigheid, onbillike of onreëlmatige praktyke of versuim om hierdie voorsieningskanaal-bestuursbeleid na te kom, te ondersoek, en wanneer geregverdig –
 - (i) toepaslike stappe te neem teen sodanige amptenaar of ander rolspeler; of -
 - (ii) enige beweerde kriminele gedrag aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens rapporteer;
- (c) die Nasionale Tesourie se databasis nagaan voor die toekenning van enige kontrak om te verseker dat geen aanbevole tenderaar, of enige van sy direkteure, 'n gelyste persoon is wat verbied is om handel te dryf met die openbare sektor nie;

- (d) enige tender vanaf 'n tenderaar verwerp –
 - (i) indien enige munisipale belasting of munisipale diensfooie deur daardie tenderaar of enige van sy direkteure aan die munisipaliteit, of aan enige ander munisipaliteit of munisipale liggaam, agterstallig is vir meer as drie maande; of
 - (ii) wie gedurende die afgelope vyf jaar versuim het om bevredigend op te tree op 'n vorige kontrak met die munisipaliteit of enige ander staatsorgaan nadat geskrewe kennisgewing aan daardie tenderaar gegee is dat prestasie onbevredigend was;
- (e) 'n aanbeveling vir die toekenning van 'n kontrak verwerp indien die aanbevole tenderaar, of enige van sy direkteure, 'n korrupte of bedrieglike daad gepleeg het by mededinging om die spesifieke kontrak;
- (f) 'n kontrak wat aan 'n persoon toegeken is kanselleer indien –
 - (i) die persoon enige korrupte of bedrieglike daad gedurende die tenderproses of die uitvoering van die kontrak gepleeg het; of -
 - (ii) 'n amptenaar of ander rolspeler enige korrupte of bedrieglike daad gepleeg het gedurende die tenderproses of die uitvoering van die kontrak, wat daardie persoon bevoordeel het; en -
- (g) die tender van enige tenderaar verwerp indien daardie tenderaar of enige van sy direkteure –
 - (i) die voorsieningskanaal-bestuurstelsel van die munisipaliteit misbruik het of enige onbehoorlike gedrag gepleeg het teenoor sodanige stelsel;
 - (ii) skuldig bevind is vir bedrog of korrupsie gedurende die afgelope vyf jaar;
 - (iii) opsetlik versuim, verloën of nagelaat het om te voldoen aan enige goewerments-, munisipale of ander openbare sektor kontrak gedurende die afgelope vyf jaar; of -
 - (iv) gelys is in die Register vir Tender-Wanpresteerders kragtens artikel 29 van die Wet op Voorkoming en Bekamping van Korrupte Dade (Nr. 12 van 2004).

(2) Die rekenpligtige beampte moet die Nasionale Tesourie en die toepaslike Provinsiale Tesourie skriftelik in kennis stel van enige optrede geneem kragtens sub-paragrafe (1)(b)(ii), (e) of (f) van hierdie beleid.

Deel 3: Logistiek-, Verkope-, Risiko- en Prestasiebestuur

Logistiek-bestuur

- 39.** Die rekenpligtige beampte moet vestig en te implementeer 'n effektiewe stelsel van logistieke bestuur, wat moet insluit –
- (a) die monitering van die bestedingspatrone tipes of klasse van goedere en dienste gehou, waar prakties moontlik, die kodering van items om te verseker dat elke item het 'n unieke nommer;
 - (b) die opstel van voorraadvlakke, wat die volgende insluit minimum en maksimum vlakke en lei tye waar goedere in voorraad geplaas word;
 - (c) die plasing van die handleiding of elektroniese bestellings vir alle ander verkrygings as dié uit die kleinkas;
 - (d) voordat betaling goedgekeur is, sertifisering deur die verantwoordelike beampte dat die goedere en dienste ontvang word of gelewer op tyd en is in ooreenstemming met die volgorde, die algemene voorwaardes van die kontrak en spesifikasies, waar van toepassing is en dat die prys is soos aangehaal in ingevolge 'n kontrak;
 - (e) toepaslike standaarde van interne beheer en pakhuis bestuur om te verseker dat goedere in die winkels geplaas word, is veilig en slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit aangekoop is;
 - (f) die gereelde nagaan om te verseker dat alle bates, insluitend amptelike voertuie behoorlik bestuur

- (g) word, toepaslik in stand gehou en slegs vir amptelike doeleindes gebruik word; monitering en hersiening van die prestasie van die verskaffers aanbod om nakoming van die spesifikasies en die kontrak voorwaardes vir sekere goedere of dienste.

Verkope-bestuur

40. (1) Die rekenpligtige beampte moet 'n effektiewe stelsel van verkope-bestuur vir die beskikking of verhuring van bates instel, insluitend onbruikbare, oortollige of verouderde bates, onderhewig aan artikels 14 en 90 van die Wet, wat die volgende moet stipuleer:

(2) Die beskikking van bates moet–

(a) plaasvind deur middel van een van die volgende metodes –

- (i) die bate aan 'n ander staatsorgaan oorplaas kragtens 'n voorsiening van die Wet wat die oorpasing van bates in staat stel;
- (ii) die bate aan 'n ander staatsorgaan oorplaas teen markverwante waarde of, wanneer paslik, kosteloos;
- (iii) die bate verkoop deur middel van 'n mededingende tenderproses of veiling; of -
- (iv) die bate vernietig;

(b) op voorwaarde dat –

- (i) vaste eiendom alleen teen markverwante pryse verkoop mag word behalwe wanneer die openbare belang of die hulpkreet van die armes andersins vereis;
- (ii) roerende bates mag verkoop word óf deur middel van geskrewe pryskwotasies, 'n mededingende tenderproses, veiling óf teen markverwante pryse, welke ook die mees voordelig is;
- (iii) in geval van die kostelose beskikking van rekenaar-toerusting, moet die provinsiale departement van onderwys eers genader word om binne 30 dae aan te dui of enige van die plaaslike skole belangstel in die toerusting; en -
- (iv) in geval van die beskikking van vuurwapens, die Nasionale Konvensionele Wapen-Beheerkomitee enige verkoping of skenking van vuurwapens aan enige persoon of instelling binne of buite die Republiek goedgekeur het;

(c) verder verseker dat –

- (i) vaste eiendom verhuur word teen markverwante koerse behalwe wanneer die openbare belang of die hulpkreet van die armes andersins vereis; en -
- (ii) alle fooie, kostes, belastings, tariewe of ander kostes verwant aan die verhuring van vaste eiendom jaarliks hersien word; en -

(d) verseker dat waar bates ingeruil word vir ander bates, die hoogste moontlike inruil-prys onderhandel word.

Risiko-bestuur

41. (1) Die rekenpligtige beampte moet 'n effektiewe stelsel van risiko-bestuur skep vir die uitkenning, oorweging en vermyding van moontlike risiko's in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel.

(2) Risiko-bestuur moet insluit –

- (a) die uitkenning van risiko's deur 'n geval-op-geval basis;
- (b) die toewysing van risiko's aan die mees geskikte party om sodanige risiko's te bestuur;
- (c) aanvaarding van die koste van die risiko waar die koste om die risiko te verplaas groter is as om dit te behou;
- (d) die bestuur van risiko's op 'n pro-aktiewe manier en die voorsiening van voldoende dekking vir oorblywende risiko's; en -
- (e) die toekenning van relatiewe risiko's na die kontrakterende partye deur duidelike en ondubbelsinnige kontrakdokumentasie.

Prestasie-bestuur

42. Die rekenpligtige beampte moet 'n effektiewe interne moniterings-stelsel skep om te bepaal, op die basis van 'n terugwerkende ontleding, of die gemagtigde voorsieningskanaal-bestuursprosesse gevolg is en of die gewenste doelwitte bereik is.

Deel 4: Ander aangeleenthede

Verbod op toekennings aan persone wie se belastingaangeleenthede nie in orde is nie

43. (1) Die rekenpligtige beampte moet verseker dat, ongeag die verkrygingsproses wat gevolg is, geen toekenning bo R30 000 gemaak word aan 'n persoon wie se belastingaangeleenthede nie as in orde verklaar is deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens nie.
- (2) Alvorens 'n toekenning aan 'n persoon gemaak word moet die rekenpligtige beampte eers nagaan by SAID of daardie persoon se belastingaangeleenthede in orde is.
- (3) Indien SAID nie binne 7 dae reageer nie mag aangeneem word dat sodanige persoon se belastingaangeleenthede ten behoeve van sub-paragraaf (1) in orde is.

Verbod op toekenning aan persone in diens van die staat

44. Die rekenpligtige beampte moet verseker dat, ongeag die verkrygingsproses wat gevolg is, geen toekenning mag gemaak word nie aan 'n persoon –
- (a) wie in die diens van die staat is; of -
 - (b) indien daardie persoon nie 'n natuurlike persoon is nie, waarvan enige direkteur, bestuurder, hoof-aandeelhouer of belanghouer 'n persoon is in diens van die staat; of -
 - (c) 'n persoon wie 'n raadgewer of konsultant is wat aan die munisipaliteit of munisipale liggaam gekontrakteer is.

Toekennings aan naverwante familieleden van persone in diens van die staat

45. Die notas tot die jaarlikse finansiële state moet besonderhede verklaar van enige toekenning van meer as R2000 aan 'n persoon wie 'n eggenoot, kind of ouer van 'n persoon in diens van die staat is, of binne die afgelope twaalf maande in diens van die staat was, insluitend –

- (a) die naam van daardie persoon;
- (b) die hoedanigheid waarin daardie persoon in diens van die staat is of was; en -
- (c) die bedrag van die toekenning.

Etiese standaarde

46. (1) 'n Etiese standaard-kode word hierdeur bepaal, in ooreenstemming met sub-paragraaf (2), vir amptenare en ander rolspelers in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel om –

- (a) onderlinge vertrouwe en agting; en -
- (b) 'n omgewing waar besigheid met integriteit en op 'n billike en redelike manier gevoer kan word, te bevorder.

(2) 'n Amptenaar of ander rolspeler in die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid betrokke –

- (a) moet alle verskaffers en moontlike verskaffers gelyk behandel;
- (b) mag nie sy of haar betrekking vir private gewin gebruik nie, of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie;
- (c) mag nie enige beloning, geskenk, guns, gasvryheid of ander voordeel direk of indirek aanvaar nie, insluitend aan enige naverwante familielid, vennoot of medewerker van daardie persoon, met 'n waarde van meer as R350;
- (d) ongeag sub-paragraaf (2)(c), moet besonderhede van enige beloning, geskenk, guns, gasvryheid of ander voordeel aan daardie persoon beloof, aangebied of toegestaan of aan enige naverwante familielid, vennoot of assosiaat van daardie persoon, aan die rekenpligtige beampte verklaar;
- (e) moet aan die rekenpligtige beampte besonderhede verklaar van enige private of besigheidsbelange wat daardie persoon, of enige naverwante familielid, vennoot of assosiaat, mag hê in enige voorgestelde verkrygings- of verkope-proses van, of in enige toekenning van 'n kontrak deur, die munisipaliteit;
- (f) moet onmiddelik onttrek van deelname op enige manier wat ook al in 'n verkrygings- of verkope-proses of in die toekenning van 'n kontrak waarin daardie persoon, of enige naverwante familielid, vennoot of assosiaat, enige private of besigheidsbelang het;
- (g) moet stip wees in sy of haar gebruik van eiendom wat aan die munisipaliteit behoort;
- (h) moet die rekenpligtige beampte bystaan by die bekamping van bedrog, korrupsie, partydigheid en onbillike en onreëlmatige praktyke in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel; en -

(i) moet aan die rekenpligtige beampte enige beweerde onreëlmatige gedrag in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel waarvan daardie persoon mag bewus word, rapporteer, insluitend –

- (i) enige beweerde bedrog, korrupsie, partydigheid of onbillike gedrag;
- (ii) enige beweerde oortreding van paragraaf 47(1) van hierdie beleid; of -
- (iii) enige beweerde skending van hierdie etiese standaardkode.

(3) Verklarings kragtens sub-paragraawe (2)(d) en (e) -

- (a) moet aangeteken word in 'n register wat die rekenpligtige beampte vir hierdie doel moet aanhou;
- (b) deur die rekenpligtige beampte moet aan die burgemeester van die munisipaliteit gemaak word, wat moet verseker dat sodanige verklarings in die register aangeteken is.

(4) Die Nasionale Tesourie se gedragskode moet ook in ag geneem word deur voorsieningskanaal-bestuurspraktisyns en ander rolspelers wat betrokke is by voorsieningskanaal-bestuur.

(5) Die munisipaliteit aanvaar hiermee die Nasionale Tesourie se gedragskode vir voorsieningskanaal-bestuurspraktisyns en ander rolspelers wat betrokke is by voorsieningskanaal-bestuur. Sodanige gedragskode is bindend op alle amptenare en ander rolspelers wat betrokke is by die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid van die munisipaliteit of munisipale liggaam.

(6) 'n Oortreding van die gedragskode deur die munisipaliteit aangeneem moet hanteer word in ooreenstemming met skedule 67(1)(h) en Hoofstuk 15 van die Stelselwet.

Gunswerwingsvoordele, belonings, geskenke en gunste aan munisipaliteite, amptenare en ander rolspelers

47. (1) Geen persoon wat 'n verskaffer of voornemende verskaffer van goedere of dienste is, of 'n ontvanger of voornemende ontvanger is van beskikte goedere of goedere geskik te word, mag of direk of deur 'n verteenwoordiger of tussenganger beloof, aanbied of toestaan –

- (a) enige gunswerwingsvoordele of beloning aan die munisipaliteit vir of in verbinding met die toekenning van 'n kontrak; of -
- (b) enige beloning, geskenk, guns of gasvryheid aan –
 - (i) enige amptenaar; of -
 - (ii) enige ander rolspeler betrokke by die implementering van die voorsieningskanaal-bestuursbeleid nie.

(2) Die rekenpligtige beampte moet stiptelik enige beweerde oortreding van sub-paragraaf (1) aan die Nasionale Tesourie rapporteer vir oorweging of die skuldige persoon, en enige verteenwoordiger of tussenganger deur wie sodanige persoon beweer is om op te getree het, behoort gelys te word in die Nasionale Tesourie se databasis van persone wat verbied is om handel te dryf met die openbare sektor.

(3) Sub-paragraaf (1) is nie van toepassing op geskenke van minder as R350 in waarde nie.

Borgskappe

48. Die rekenpligtige beampte moet stiptelik aan die Nasionale Tesourie en die toepaslike Provinsiale Tesourie verklaar enige beloofde borgskap, aangebied of toegestaan, of direk of deur 'n verteenwoordiger of tussenganger, deur enige persoon wat –

- (a) 'n verskaffer of voornemende verskaffer van goedere of dienste is; of
- (b) 'n ontvanger of voornemende ontvanger van beskikte goedere of goedere beskik te word.

Besware en klagtes

49. Persone gegrief deur besluite geneem of optredes gedoen met die implementering van hierdie voorsieningskanaal-bestuurstelsel, mag 'n geskrewe beswaar of klagte teen die besluit of optrede indien binne 14 dae vanaf die besluit of optrede.

Oplossing van dispute, besware, klagtes en vraagpunte

50. (1) Die rekenpligtige beampte moet 'n onafhanklike en onpartydige persoon, nie direk betrokke by die voorsieningskanaal-bestuursprosesse nie, aanstel –

- (a) om by die oplossing van dispute tussen die munisipaliteit en ander persone te help aangaande –
 - (i) enige besluite geneem of optredes gedoen met die implementering van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel; of -
 - (ii) enige aangeleentheid voortspruitend uit 'n kontrak toegeken in die loop van die voorsieningskanaal-bestuurstelsel; of
- (b) om aandag te gee aan besware, klagtes of vraagpunte aangaande enige sodanige besluite of optredes of enige aangeleenthede voortspruitend uit sodanige kontrak.

(2) Die rekenpligtige beampte, of ander amptenaar deur die rekenpligtige beampte aangewys, is verantwoordelik om die aangestelde persoon te help om sy of haar funksies effektief uit te oefen.

(3) Die aangestelde persoon moet –

- (a) streef om alle dispute, besware, klagtes of vraagpunte ontvang stiptelik op te los, en
- (b) maandelikse verslae aan die rekenpligtige beampte indien oor alle dispute, besware, klagtes of vraagpunte ontvang, waaraan aandag gegee is of opgelos.

(4) 'n Dispuut, beswaar, klagte of vraagpunt mag verwys word na die toepaslike Provinsiale Tesourie indien

- (a) die dispuut, beswaar, klagte of vraagpunt nie binne 60 dae opgelos is nie; of -
- (b) geen reaksie binne 60 dae ontvang is nie vanaf die munisipaliteit.

(5) Indien die Provinsiale Tesourie die aangeleentheid nie- of nie kan oplos nie, mag die dispuut, beswaar, klagte of vraagpunt na die Nasionale Tesourie vir oplossing verwys word.

(6) Hierdie paragraaf moet nie gelees word as om 'n persoon se regte om 'n hof ter eniger tyd te nader, te affekteer nie.

Kontrakte wat voorsiening maak vir vergoeding op omset gegrond

51. Indien 'n diensverskaffer namens 'n munisipaliteit optree om enige diens te verskaf of optree as 'n kollektant van fooie, diensgelde of belasting en die vergoeding aan die diensverskaffer bepaal word as 'n ooreengekome persentasie van omset vir die diens of die ingevorderde bedrag, moet die kontrak tussen die diensverskaffer en die munisipaliteit stipuleer dat –

- (a) 'n perk gesit word op die vergoeding aan die diensverskaffer betaalbaar; en -
- (b) dat sodanige vergoeding prestasie-gebaseerd moet wees.

Inwerkingtreding

52. Hierdie beleid tree in werking op die **16de September 2014** waarop dit deur die Raad aanvaar is.

ADDENDUM A

REVISED PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY FRAMEWORK ACT REGULATIONS OF 2011

The following is a summary of the amendments made by the new Regulations that comes into effect on 7 December 2011:

1. Points Systems

- 1.1 The 80/20 points system will be applicable to all bids above R30 000 up to a value of R1m (previously R500 000).
- 1.2 The 80/20 points system may be applied to bids with a value less than R30 000 if and when appropriate.
- 1.3 The 90/10 points system will be applicable to bids with a value of R1m and more (previously R500 000).
- 1.4 Only points for price will be calculated and the preference points will be added to the points for price according to the Contribution Level of the bidder (see point 2.5).

2. BEE Certificates

2.1 General

- 2.1.1 Bidders must submit with their bids either the original or a certified copy of their B-BBEE Status Level Verification Certificate.
- 2.1.2 Bidders who do not submit a Certificate do not qualify for preference points, but should not be disqualified from the bidding process.
- 2.1.3 Certificates must be obtained from Verification Agencies accredited by the South African National Accreditation System (SANAS).
- 2.1.4 Certificates can also be obtained from registered auditors approved by the Independent Regulatory Board of Auditors (IRBA).

2.2 Exempted Micro Enterprises (EME's)

- 2.2.1 An EME is an enterprise with an annual total revenue of R5m or less, with the exception of the Tourism Charter where the amount is R2,5m and the Construction Charter where the amount is R1,5m.
- 2.2.2 EME's will be deemed to have a level 4 contributor status, except where they are MORE than 50% black owned, in which case they will be level 3 contributors.

- 2.2.3 An EME do not have to submit a Certificate, but can obtain one from a Verification Agency accredited by SANAS.
- 2.2.4 The Accounting Officer (in terms of Section 60(4) of the Closed Corporation Act, 69 of 1984) or their auditor, registered by the IRBA, can submit proof of EME status.

2.3 Trusts, Consortiums, Joint Ventures, Public Entities and Tertiary Institutions

- 2.3.1 Trusts, Consortiums and Joints Ventures must obtain and submit a consolidated Certificate for every separate bid.
- 2.3.2 Public Entities and Tertiary Institutions must also submit certificates with their bids.

2.4 Verification Agencies

- 2.4.1 Confirmation of the validity of a Certificate can be done by tracing the name of the issuing Verification Agency to the list of all SANAS Accredited Agencies.
- 2.4.2 The list is accessible on www.sanas.co.za/directory/bbbee_default.php
- 2.4.3 Each Certificate should have the following information on the face of the Certificate:
 - The name and physical location of the measured entity
 - The registration number and, where applicable, the VAT number of the measured entity
 - The date issued and date of expiry
 - The Certificate number for identification and reference
 - The scorecard that was used (for example EME or Generic)
 - The name and/or logo of the Verification Agency
 - The SANAS logo
 - The Certificate must be signed by the authorised person from the Verification Agency
 - The B-BBEE Status Level of Contribution obtained by the measured entity

2.5 Contribution Level

| B-BBEE Status Level of Contributor | Number of Points (90/10 system) | Number of Points (80/20 system) |
|---|--|--|
| 1 | 10 | 20 |
| 2 | 9 | 18 |
| 3 | 8 | 16 |
| 4 | 5 | 12 |
| 5 | 4 | 8 |
| 6 | 3 | 6 |
| 7 | 2 | 4 |
| 8 | 1 | 2 |
| Non-compliant Contributor | 0 | 0 |

3. Local Production and Content

3.1 Bids in respect of designated sectors (still to be determined) must contain or have a specific bidding condition or special condition of contract that only locally produced goods, services or works or locally manufactured goods with a stipulated minimum threshold for local production and content will be considered.

3.2 This must not be confused with points that were previously allocated for locality.

4. Sub-contracting

4.1 A bidder must not be awarded the points claimed for his BEE status level of contribution if it is indicated in his bid documents that he is going to sub-contract more than 25% of the value of the contract to an enterprise that does not qualify for at least the same number of points that the bidder qualifies for, unless the intended sub-contractor is an EME that has the capability and ability to execute the sub-contract.

4.2 If the bidder did not indicate sub-contracting in his bid document, he is not allowed to sub-contract more than 25% of the value of the contract to an enterprise that does not qualify for at least the same number of points that the bidder qualifies for, unless

the intended sub-contractor is an EME that has the capability and ability to execute the sub-contract.

5. Evaluation of Bids that Scored Equal Points

- 5.1 In the event of two bids scoring the same name of points, the successful bid must be the one that scored the highest points for B-BBEE.
- 5.2 If they are still equal, the successful bidder must be the one scoring the highest points for functionality (if applicable).
- 5.3 If they are still equal, the award must be decided by the drawing of lots.

6. Cancellation and Re-Invitation of Bids

- 6.1 In the application of the 80/20 points system, if ALL bids received exceed R1m, the bid must be cancelled and re-invited. If one or more of the acceptable bids received are within the R1m threshold, all the bids must be evaluated on the 80/20 points system.
- 6.2 In the application of the 90/10 points system, if ALL bids received are below R1m, the bid must be cancelled and re-invited. If one or more of the acceptable bids received are more than the R1m thresholds, all the bids must be evaluated on the 90/10 points system.
- 6.3 An Accounting Officer may, prior to the award of a bid, cancel the bid:
 - Due to changed circumstances, there is no longer a need for the services, works or goods requested.
 - If funds are no longer available to cover the envisaged expenditure.
 - No acceptable bids are received.
- 6.4 The decision to cancel a bid in terms of the above must be published in the Government Tender Bulletin or the media in which the original tender was advertised.

7. Awarding of Contracts

- 7.1 The contract must be awarded to the bidder that scored the highest number of points.
- 7.2 In exceptional circumstances a contract may, on reasonable and justifiable ground, be awarded to the bidder that did not score the highest number of points. The reasons for such a decision must be approved and recorded for audit purposes and must be defensible in a court of law.

8. Sale and Letting of Assets

- 8.1 The Preferential Procurement Regulations 2011 is NOT applicable to the sale and letting of assets.
- 8.2 In instances where assets are sold or leased by means of a bidding process, the bid must be awarded to the bid with the highest price.

9. Transitional Arrangements

- 9.1 If a bid was invited before or on 6 December 2011, the bid must be evaluated and adjudicated in terms of the evaluation criteria prescribed in the Preferential Procurement Regulations of 2001 and the terms and conditions of the bid.
- 9.2 All bids advertised from 7 December 2011 and onwards must be dealt with in terms of the 2011 Regulations.
- 9.3 Bids advertised before 7 December 2011 must be evaluated and awarded as soon as possible, but not later than the expiry date of the validity date of the bid. The extension of the validity date of such a bid is not allowed.

10. General

- 10.1 Definitions are as contained in the B-BBEE Act and Codes of Good Practice, e.g. no HDI's, but "Black people".
- 10.2 No points can be given anymore for locality and other specific goals (e.g. females and being disabled) as was done in the past.
- 10.3 National Treasury will send out Communication with regards to the new Regulations before 7 December 2011. It will include new bidding document forms that will replace the MBD6 form as well.
- 10.4 The Regulations is applicable to all organs of the State.
- 10.5 The Regulations will come into effect on 7 December 2011.

ADDENDUM B

Die volgende inligting moet deur die voornemende verskaffer gegee word om as geakkrediteerde op die verskaffers databasis te verskyn.

Die naam van die Besigheid

Posadres

Kontaknommers (Landlyn of selfoon nommer), faks, e-pos adres waar monntlik

Die kontakpersoon

posbenaming van die kontakpersoon

Die tipe besigeheid

Identifikasie of registrasie nommer van die besigheid

Belasting op Toegevoegde Waarde registrasienommer (waar moontlik)

Inkomste Belasting Verwysingsnommer

Belasting Klaring Sertifikaat aanheg

BBBEE sertifikaat aanheg

Komoditeit of Diens wat gelewer word

Munisipale Rekeningnommer en ernommer

Bankbesonderhede

Samestelling van die besigheid

Verklaring van belange

Verklaring dat die inligting verstrekkend is en juis is

Handtekening

Hoedanigheid van die persoon wie geteken het

Toestemming dat die finansiële posisie en die vermoë van die verskaffer om die kontrak uit te voer ge-
ondersoek word voor die aanbieding aanvaar word

Geldwaarde van kontarkte waarin die verskaffer belangstel

Maksimum hoeveelhede wat verskaf kan word

Gereedheid van afleweringstye

ADDENDUM C;

DELEGASIES

| Waarde (BTW ingesluit) | Klassifikasie | Magtiging van Order | Evaluasie en Toekening van kwotasies/ Tenderdokumente | Onder steunende Dokumente |
|------------------------|---|--|--|--|
| 0 - 200 | Kontant Aankope (Blikkie by Kassiere) | Departementshoof of die persoon wat waarneem | | Beskrywende Kwitansie / Kasregister rol aan getekende Kontantbewys aanheg. |
| 201 - 2000 | Klein Aankope. | Departementshoof of die persoon wat waarneem | | Heg faktuur aan bestelling, geteken deur Direkteur. |
| 2001 – 5000 | Drie Mondelinge Kwotasies Teken aan op kwotasie vorm. | Departementshoof of die persoon wat waarneem | Departementshoof of die persoon wat waarneem/ Hoof finansiële Beampte | Teken aan op vorm by wie is gevra en wat die bedrae was. Heg aan bestelling. Geteken deur Direkteur. Nie 3 – seksie 16 |
| 5001 - 30 000 | Drie Geskrewe Prys kwotasies | Departementshoof of die persoon wat waarneem | Departementshoof of die persoon wat waarneem/ Hoof finansiële Beampte | Drie formele kwotasies/ bewyse dat drie kwotasie gevra is, aan bestelling geheg. Geteken deur Direkteur. Nie 3 – seksie 17 |
| 30 001-200 000 | Formele kwotasies moet Geadverteer word. | Departementshoof of die persoon wat waarneem of 'n persoon van die SCM kantoor | Departementshoof of die persoon wat waarneem of 'n persoon van die SCM kantoor | Advertensie, evalueering, besluit en Dokumente wat ontvang is alles aan bestelling. |
| 200001- 3 000 000 | Mededingende Tenderproses | Tenderspesifikasie komitee of die Rekenpligtige Beampte | Tender Evalueerings en Toekennings komitee | Advertensie, notules en al die tenders Dokumente wat ontvang is. |
| 3 000 000> | Mededingende Tenderproses | Tenderspesifikasie komitee of die Rekenpligtige Beampte | Tender Evalueerings en Toekennings komitee | Advertensie, notules en al die tenders Dokumente wat ontvang is. |

- Tenders met 'n waarde van R 1 000 000,00 en minder word op die 80/20 skaal ge-evalueer.
- Tenders met 'n waarde van meer as R 1 000 000,00 word op die 90/10 skaal ge-evalueer.

BLADSY OOP GELAAT

ADDENDUM D;

GEDRAGSKODE VIR VOORSIENINGKANAAL BESTUURS AMPTENARE

Volgens die Regulasies vir Voorsieningskanaal Bestuur wat uitgereik is in terme van 168 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur word Nasionale Tesourie vereis om 'n gedragskode vir persone betrokke by Voorsieningskanaal Bestuur uit te reik. Hierdie gedragskode moet deur almal betrokke by Voorsieningskanaal bestuur onderhou word. Die doel van die gedragskode is om wedersydse respek en vertroue tussen amptenare te bevorder en om 'n omgewing te skep waar besigheid met integriteit en op 'n regverdige en redelike manier uitgevoer kan word.

1. Algemene Beginsels

- ❖ Die Suid-Afrikaanse Owerheid verbind homself tot 'n beleid van regverdige handeling en integriteit by die uitvoering van sake. Die posisie van Voorsieningskanaal Bestuurder (VKB) amptenare is dus 'n posisie van vertroue, dit impliseer dat so 'n amptenaar altyd in belang van die publiek sal optree. Amptenare moenie hul pligte so uitvoer dat dit kan lei tot onwettige eie gewin in die vorm van vergoeding, betaling of gunste van enige persoon, voorsiener/kontrakteur, familie of vriende nie.

- ❖ Amptenare moet seker maak dat hulle hul pligte effektief, doeltreffend en met integriteit uitvoer. Verder moet hulle ook verseker dat hul pligte inlyn is met die Relevante wetgewing en Riglyne van Nasionale Tesourie. Hulle moet seker maak dat openbare bronne verantwoordelik geadministreer word.

- ❖ Prakiseerders moet regverdig en onpartydig in die uitvoering van hul funksies wees. Hulle moet onder geen omstandighede voorkeur behandeling of onregverdig diskrimineer teen enige groep of individue. Hulle mag nie die mag en outoriteit wat aan hulle oorgedra is misbruik nie.

2. Konflik in Belange

'n Amptenare of ander rolspeler betrokke by voorsieningskanaal bestuur-

- (a) moet alle voorsieners en potensiële voorsieners gelyk behandel.
- (b) Mag nie hom/haar posisie vir eie gewin gebruik nie of om 'n ander persoon te bevoordeel nie
- (c) Mag nie belongings, geskenke,gunste,hoflikheid of enige ander voordeel direk of indirek van familieledede,vennoot of assosiaat van die persoon, van waarde R350 of meer aanvaar nie.
- (d) Moet alle inligting rakende beloonings, geskenke en enige ander voordele wat belowe, aangebied of gegee is aan die persoon, 'n familielid, vennoot of assosiaat van die persoon, aan die Rekenpligtige Beampte openbaar.
- (e) Moet enige inligting rakende privaat of besigheidsbelang wat die persoon, 'n familielid, vennoot of assosiaat in die voorgename verkryging of wegdoenings proses mag hê, aan die Rekeningpligtige Beampte openbaar.
- (f) Moet onmiddellik enige deelname onttrek, waar so 'n persoon se familielid, vennoot of assosiaat besigheids of privaatbelange

het in 'n verkrygings,wegdoeningsproses of toekenning van 'n kontrak .

- (g) Moet enige besigheids, kommersiële en finansiële belange of aktiwiteite wat geneem is om finansiële gewin te geniet, en wat tot konflik in belange mag lei, aan die Rekenpligtige Beamppte openbaar.
- (h) Moenie hom/haarself onder enige finansiële of ander verpligtinge deur buitestaanders laat plaas wat 'n invloed op uitvoering van amptelike pligte mag hê; en

3. Verantwoordbaarheid

- ❖ Amptenare is verantwoordelik vir hul eie besluite en aksies aan die publiek
- ❖ Amptenare moet openbare eiendom gepas gebruik
- ❖ Die rekenpligtige beamppte en diegene aan wie hy sy mag delegeer het die outoriteit om die regering tot enige transaksie vir die verkryging van goedere en dienste te verbind.
- ❖ Alle transaksies wat deur 'n amptenaar uitgevoer is, moet op 'n toepaslike en betroubare rekenkundige stelsel opgeneem word. Amptenare mag nie valse of misleidende inligting in die stelsel voer nie.
- ❖ Amptenare moet bystand aan die rekenpligtige beamppte verleen om bedrog, korrupsie, gunswerwing, onregverdige en ongereelde praktyke in die voorsieningskanaal bestuur stelsel te bekamp.
- ❖ Amptenare moet enige vermoedelike ongereelde praktyke in die voorsieningskanaal bestuur stelsel waarvan hy/sy bewus is aan die rekenpligtige beamppte rapporteer. Insluitend:

- (i) Enige vermoedelike bedrog, korrupsie, guns werwing of onregverdige uitvoering
- (ii) Enige oortreding van hierdie gedragskode

❖ Enige verklaring wat gemaak word moet opgeneem word en in 'n register (wat slegs vir hierdie doeleindes gehou word) geplaas word.

4 Openlikheid

Amptenare moet so openlik as moontlik wees in al die besluite en aksies wat hulle maak. Hulle moet so ver moontlik redes gee vir hul besluite en inligting slegs weerhou as dit in belang van die publiek is.

5 Vertroulikheid

- ❖ Alle inligting wat eiendom van die regering of sy voorsiener is moet teen alle tye beskerm word. Geen inligting oor enige tender/kontrak/tenderaar mag bekend gemaak word indien dit inbraak gaan maak op die relevante tenderaar se persoonlike regte.
- ❖ Vertroulike sake in besit van voorsieningsskanaal bestuur amptenare moet vertroulik gehou word tensy anders vereis deur: wetgewing, uitvoering van pligte en voorsiening vir die wet.

6. Tender Evaluasie / Toekennings Komitees

- ❖ Bogenoemde komitees moet voorsieningsskanaal bestuur op 'n eerlike, onpartydige, deursigtige, koste-effektiewe en verantwoordelike manier doen maar steeds inlyn met die rekenpligtige beampste se leiding/delegerende mag.

- ❖ Die evaluasie / toekennings komitee kan gemagtig word om met alle sake rakende voorsieningskanaal bestuur te deel asook tender- en kwotasiepryse te finaliseer, mits dit inlyn is met leiding/delegerende mag van rekenpligtige beampte.
- ❖ Die evaluasie / tender komitees moet voorgeskrewe wetgewing, leidinggewing en prosedures wat verband hou met voorsieningskanaal bestuur ken en onderhou om sodoende hul pligte en take effektief en doeltreffend uit te voer.
- ❖ Alle lede van die tender toekennings komitee moet duidelikheid hê oor die vlak van vertroulikheid wat hulle moet handhaaf, en moet bereid wees om hulle finansiële belange jaarliks te verklaar.
- ❖ Geen persoon mag-
 - Inmeng met die voorsieningskanaal bestuur stelsel van 'n organisasie nie, of
 - Geen veranderings en peuter aan tenders na dit reeds ingegee is nie

7 Onreëlmatige Praktyke

- ❖ Onreëlmatige praktyke is oneties en onwettig en moet ten alle koste vermy word. Dit sluit die volgende in maar is nie beperk tot:
 1. Voorstelle t.o.v. denkbeeldige laer kwotasies
 2. Verwysings na mededingers wat nie bestaan nie
 3. Uitbuiting van foute in tenders
 4. Ongevraagde tenders vanaf tenderaars wie se name op die Databasis van Nasionale Tesourie verskyn wat nie besigheid met openbare sektor mag doen nie.

Verklaring dat die persoon vertrouwd is met die inhoud van die gedragskode en dat sy/homself daartoe sal verbind en sal hou by die voorgeskrewe prosesse en prosedures en enige afwykings sal rapporteer.